# FIETSRY-AKADEMIES

## Gemeenskappe van Goeie Praktyk



forestry, fisheries & the environment — Department: Forestry, Fisheries and the Environment, REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

KfW — Bank aus Verantwortung

german cooperation — DEUTSCHE ZUSAMMENARBEIT

# FIETSRY-AKADEMIES

## Gemeenskappe van Goeie Praktyk

**Fietsry-akademies, konsepte wat onlangs bekend gestel is, dien as veilige ruimtes waar kinders kan leer hoe om fiets te ry. Daarbenewens ontwikkel kinders ook sosiale/interpersoonlike vaardighede en leer hulle hoe om hulself uit te druk. Vêrdere voordele van fietsry-akademies is die positiewe bydrae wat die kinders aan die sosiale struktuur waarin hul grootword lewer. In Suid-Afrika, is hierdie akademies gelëe in die Durban-gemeenskappe van KwaMashu, KwaDabeka, eNanda, Cornubia en Wentworth, en in Langa in Kaapstad en Lorentzville in Johannesburg.**

**Belangrike oorwegings** in die ontwikkeling van fietsry-akademies vereis toegang tot finansiële en menslike hulpbronne.

**Die finansiële ondersteuning** van skenkers of self-gegenereerde inkomstestrome maak voorsiening vir die groei van 'n fietsry-akademie wat lei tot verbeterde fasilitiete en die vermoë om meer mense te bereik.

**Toegang tot befondsing** tesame met die vestiging van netwerke en vennootskappe is belangrik in die totstandkoming en bevordering van fietsry-akademies.

**Die Departement van Bosbou, Visserye en Omgewing het in vennootskap met KfW Development Bank en die eThekwini-munisipaliteit die finansiële hulpbronne en tegniese kundigheid verskaf om die bou van die fietsry-akademies in Durban te ondersteun. Hierdie inisiatief is 'n nalatenskap van die 2010 FIFA-wêreldbeker.**



*(Fotokrediet: GO!Durban, eNanda Fietsry-Akademie)*

***Die rol van die afrigter -***
***die ontwikkeling van die jeug van Wentworth tot verantwoordelike volwassenes.*** *"Hierdie inisiatief het ten doel om positiwiteit en jeugontwikkeling na ons gemeenskap te bring aangesien ons almal weet watter soort uitdagings hierdie kinders in die Wentworth-gemeenskap in die gesig staar. Ons is nou al ses maande aan die gang en in die kort tydperk het ons 'n paar drastiese verbeterings by sommige van ons kinders gesien met betrekking tot hul skoolwerk en algehele houdings."* **- Mario Gunkel, Wentworth Fietsry-Akademie**

Gedurende die **beplanning** van 'n fietsry-akademie moet mens die relevante **menslike hulpbronne** identifiseer wat nodig is om die terrein te onderhou en te bedryf, asook om die nodige ondersteuning te bied aan kinders wat toegang tot die akademie het. Elke fietsry-akademie moet beskik oor 'n kampioen, 'n visionêr, en 'n passievolle leier wat dinge laat gebeur.

## WENTWORTH FIETSRY-AKADEMIE: SPAN SAAM MET 'N GEMEENSKAP OM SOSIALE UITDAGINGS AAN TE SPREEK

In die suidelike gedeeltes van Durban staar die gemeenskap rondom die Wentworth Fietsry-Akademie verskeie sosiale uitdagings soos bendegeweld en dwelmmisbruik in die gesig. Die Wentworth Fietsry-Akademie se mikpunt is die vereniging van die gemeenskap, asook om die jeug te lei op 'n pad van fokus, selfverbetering en selfdissipline. Afrigters speel 'n sleutelrol hier en tree op as mentors wat die jeug deur hul persoonlike uitdagings help en lei.

Die Wentworth Fietsry-Akademie bied ook 'n "Donderdae slegs meisies"-program aan, waar jong meisies mentorskap in sport en algemene lewensvaardighede ontvang. Die vroulike afrigters se persoonlike doelwitte is om die ontwikkeling van die jong meisies te ondersteun en sodoende hulle te bemagtig om hul plek vol te staan in die gemeenskap.

### Gemeenskaps betrokkenheidsplan

* Verseker dat gemeenskapslede vanaf die begin van die proses 'n geleentheid het om saam te bou.
* Bou 'n gevoel van eienaarskap vir die plaaslike gemeenskap, insluitend leiers, werknemers van die program, ouers en die jeug (begunstigdes).
* Verseker deursigtigheid en 'n duidelike begrip van die doelwitte vir alle belanghebbendes.
* Bou 'n netwerk van eendersdenkende vennote en ondersteuners om op te steun in die toekoms.
* Bou plaaslike gemeenskapsvertroue in die projek.

* Bou vertroue

**Die rol van konsultasie**

**Die aankondiging van die voorgestelde terrein by Wentworth is met groot entoesiasme deur die gemeenskap en raadslid vir Wentworth ontvang. Die gemeenskap het die voordele van die projek heelhartig ondersteun en die waarde van die projek besef, wat daartoe gelei het dat die gebruik van die terrein deur die gemeenskap aanvaar is. Die inkoop en ondersteuning van begunstigdes met so 'n projek is deurslaggewend in die suksesvolle voltrekking van die projek.**

### GEMEENSKAPSBEHOEFTES, VERWAGTINGE EN PLAASLIKE KONTEKS



*(Fotokrediet: GO!Durban, KwaMashu Fietsry-Akademie)*


## CORNUBIA FIETSRY-AKADEMIE: DIE VOORSIENING VAN SOSIALE GERIEWE

Gesetel aan die noordelike buitewyke van die eThekwini-munisipaliteit en aangrensend tot een van Durban se belangrike behuisingsontwikkelingsnodusse, is die Cornubia Fietsry-Akademie wat met 'n wêreldklas asfalt BMX-resiesbaan spog. Die baan is ook toeganklik vir gemeenskapslede.

Die Cornubia maatskaplike behuisingsontwikkeling is voldoen aan die Nasionale Maatskaplike Ontwikkelingstrategie. As sulks, pas die Cornubia Fietsry-Akademie goed binne die wyer konteks van die Nasionale Maatskaplike Ontwikkelingsstrategie deur sosiale geriewe te verskaf.

**Die keuse van die regte ligging is belangrik, om toeganklikheid en sigbaarheid na die terrein te verseker, waar gemeenskappe hul vertroue in die fasiliteit, en uiteindelik die afrigters, kan plaas om 'n veilige leeromgewing vir die kinders te verseker. Gemeenskapsondersteuning, deurlopende konsultasie, medeskepping en bou van vertroue sal help om inkoop van die gemeenskap te verseker en by te dra tot 'n suksesvolle en funksionele akademie.**

### BELANGRIKE FAKTORE IN DIE KEUSE VAN 'N TERREIN




**Gedurende die beplanningfase van 'n fietsry-akademie is dit belangrik om seker te maak dat die terrein op so 'n manier geleë is, en ontwerp en omskep word om potensiële omgewingsrisikos die hoof te kan bied.**

## KWAMASHU FIETSRY-AKADEMIE: DIE HANTERING VAN KLIMAATSVERANDERING EN BESOEDELING

Die KwaMashu Fietsry-Akademie is geleë op herwonne grond wat voorheen 'n onwettige stortingsterrein vir afval was. Hierdie gebied is later herwin om die KwaMashu Fietsry-Akademie te akkomodeer. Weens die feit dat dit naby aan 'n spruit geleë is, is behoorlike dreineringsplanne in die ontwerp van die fietsbaan geïnkorporeer.

Tydens April 2022, het die KwaMashu-gemeenskap erge vloede ervaar. Goeie beplanning en ontwerp het egter die akademie van permanente infrastruktuurskade beskerm wat die behoefte beklemtoon dat fietsry-akademies klimaatbestand moet wees.

**Somer reënvalgebeure bring ook mee dat daar groot hoeveelhede plastiekbesoedeling in die rivier af vloei. Die KwaMashu Fietsry-Akademie het hierdie herhalende voorvalle as 'n leergeleentheid gebruik om omgewingsbewustheid onder die kinders neer te lê.**

Met 'n groeiende fietsrygemeenskap in gebiede soos KwaMashu, sal die vraag na fietsherstelwerk, onderdele en verkope ook na verwagting groei. Om vir hierdie behoefte te voorsien, is 'n fietsbemagtigingsentrum by die KwaMashu Fietsry-Akademie gestig. Hierdie sentrums word deur gemeenskapentrepreneurs bedryf wat opleiding in kleinsakebestuur en as fietswerktuigkundiges ontvang.

## SLOTSOM

Die konsep van 'n fietsry-akademie en die toepassing daarvan binne voorheen benadeelde gemeenskappe het het die vermoë om sosiale kohesie aan te spreek na vore gebring. Akademie modelle verskil, maar spreek werklike behoeftes en kwessies binne gemeenskappe aan. Die verskaffing van 'n veilige ruimte vir die jeug om in te floreer, ontspanningsplekke, asook die besigheidskonsep van 'n fietsry-akademie voeg waarde by die konsep. Die beoefening van 'n sport soos fietsry bring mense bymekaar op 'n relatiewe gelyke speelgrond ongeag hul agtergrond. Fietsry bring 'n gevoel van respek, eiewaarde en aanvaarding mee.

## KONTAKTE EN HULPBRONNE

Laai **Best Practice Guidelines for Cycling Academies** af by: www.dffe.gov.za

| | |
|---|---|
| Bicycle Empowerment Network | www.benbikes.org.za |
| Bicycle South | www.bicyclesouth.co.za |
| BYCS | www.bycs.org |
| GO!Durban Cycling Academy | www.durbangreencorridor.co.za |
| Langa Bicycle Hub | www.langabicyclehub.co.za |
| Open Streets Cape Town | www.openstreets.org.za |
| Pedal Power Association | www.pedalpower.org.za |
| Timbuktu in the Valley | www.timbuktuinthevalley.org |
| Velokhaya Life Cycling Academy | www.velokhaya.org |

## FIETSRY-AKADEMIES IN AKSIE

**Good Hood Stories: Langa Bicycle Hub**
https://youtu.be/yIRYE0pdqal

**GO!Durban Cycling Academy - On the Right Track**
https://youtu.be/7mPhG-pSTag

**GO!Durban Cycling Academy KwaDabeka Bike Park**
https://youtu.be/QvITD_6GSoo

Gedruk met ekovriendelike ink

# FIETSRY-AKADEMIES:

## DIE BEREIKING VAN SOSIO-EKONOMIESE EN OMGEWINGSVOORDELE VIR BENADEELDE GEMEENSKAPPE

### OMGEWINGSVOORDELE: OORGANG TOT AKSIE - DIE BEVORDERING VAN BESOEDELINGSVRYE OMGEWINGS

Fietsry-akademies kan positiewe omgewingsimpakte bydra, deur middel van verskeie maatreëls soos die aanmoediging van nie-gemotoriseerde vervoermiddels,die bevordering van omgewingsvriendelike gedrag met behulp van omgewingsopvoedings-programme , en om kinders die kans te bied om in die buitelug te kan leer en speel.

**Fietsry-akademies kan ook gebruik word om omgewingsvriendelike gedrag aan te spoor deur middel van gestruktureerde omgewingsopvoedings-programme.**

### GELEENTHEDE OM OMGEWINGSVOORDELE TE SKEP

- Om die gemeenskap op gemeenskapskoonmaak dae te betrek.
- Om herwinningsaktiwiteite op die terrein te verskaf.
- Om fietsry-akademies te verfraai deur middel van boomplanting op terreine en agro-ekologie.
- Om omgewingsvriendelike gedrag deur middel van gestruktureerde omgewingsopvoedingsprogramme by fietsry-akademie terreine te vestig.
- Om seker te maak dat fietsry-akademie terreine goed onderhou word, skoon is, rommelvry is, en dat dit 'n veilige en sindelike ruimte bied vir kinders om hulself te kan uitleef.
- Om verskeie volhoubare ontwikkelingsdoelwitte te verken en te oorweeg waar 'n fietsry-akademie 'n verdere impak in 'n gemeenskap kan maak.
- Om die oë en ore op die grond te wees vir omgewingskwessies wat dalk met relevante owerhede geopper moet word.
- Deur 'n netwerk bergfietsroetes op geskikte terreine te ontwikkel en onderhou, moedig dit die jonger geslag aan om meer tyd in die natuur deur te bring.
- Deur naamplaatjies op inheemse bome te plaas, voëlvoerders uit te sit en uitheemse plante te verwyder kan bewustheid by fietsry-akademies bevorder word.
- As daar 'n geleentheid is en die begroting dit toelaat, kan die gebruik van sonkrag as 'n bron van eletrisiteit mettertyd tot finansiële besparings lei.
- Om reënwater in opgaartenks op te vang en, waar moontlik, gryswater oor te gebruik (waar veilig en van toepassing).

### EKONOMIESE VOORDELE: AKADEMIES WAT FINANSIEEL SIN MAAK

Fietsry-akademies kan kan ook plaaslike ekonomiese ontwikkeling vir gemeen-skappe bevorder deur middel van 'n reeks entrepreneurskap- en werk-skeppingsgeleenthede (soos Fietsry bemagtigingsentrum-operateurs en -afrigters) tydens die konstruksie- en bedryfsfases van die akademie. Ander aanvullende ekonomiese aktiwiteite kan toerisme (fietshuur en fietstoere) en afleweringsdienste insluit.

**Fietsry-akademies bied waardevolle entrepreneurs-geleenthede soos toerisme, insluitend fietstoere en fietshuur. Dit is egter belangrik dat alle relevante veiligheid en wetlike vereistes vir toerisme verwante aktiwiteite in ag geneem moet word.**

**'n Fietsrybemagtigings-sentrum is in wese 'n sakemodel wat deur klein-, medium- en mikro-organisasies bedryf kan word deur die instandhouding, diens en verkope van fietsonderdele.**

## MAATSKAPLIKE VOORDELE: DIE ONTWIKKELING VAN KINDERS, DIE GEMEENSKAP, EN TOEKOMSTIGE GEMEENSKAPPE

Fietsry-akademies moedig die jeug aan op 'n gefokusde pad van selfdisipline en selfverbetering. Fietsry-akademies bied 'n veilige hawe vir kinders om te groei, te ontwikkel en hul lewensuitkyk te verbreed - wat als 'n bydrae lewer tot die basiese boustene van sosiale kohesie.

**Die onlangs toegeruste kombuise by die Durban fietsry-akademies bied die geleentheid om voorsiening te maak vir maaltye. Vennootskappe met belanghebbende partye word aangemoedig.**

**Akademiese ondersteuningsprogramme by fietsry-akademies kan verder ondersteun word deur 'n reeks opvoedkundige inisiatiewe soos beroepsvoorligting en werkplek gereedheidsprogramme.**



(Fotokrediet: GO!Durban Fietsry-Akademie)

## ENANDA FIETSRY-AKADEMIE: OMGEWINGS- EN EKOTOERISME-GELEENTHEDE

In 'n meer plattelandse konteks, is die eNanda Fietsry-Akademie een van die mees asemrowende geleë fietsry-akademies op die oewer van die eNanda-dam op die buitewyke van Durban. By die eNanda Fietsry-Akademie geniet kinders toegang tot 'n netwerk van bergfietsroetes wat deur woude en oop bosveld lei. Die akademiese program by eNanda Fietsry-Akademie word aangevul met omgewingsopvoedkundige projekte asook buitelug-opvoeding oor vleiland bewaring en biodiversiteit.

**Die eNanda Fietsry-Akademie was een van die heel eerste fietsry-akademies in Durban gewees. Die akademie is met 'n eenvoudige gruisbaan, 'n paar eenvoudige afdakke 'n handjievol kinders en baie basiese hulpbronne begin. 'n Fietsbaan, basiese hulpbronne soos fietse vir kinders om te leer hoe om te ry, en onderhoudstoerusting is al wat werklik nodig is om aan die gang te kom.**



(Fotokrediet: GO!Durban, eNanda Fietsry-Akademie)

*"**Ons het omgewingsopvoedkundige naweke toere** begin in samewerking met plaaslike gidse. Ons kinders leer nou om die omgewing en die natuurlike skoonheid daarvan te waardeer. Ons is gelukkig om daarin fiets te kan ry."* **- Gabi Ngcobo, eNanda Fietsry-Akademie afrigter.**

Afrigters by die eNanda Fietsry-Akademie groei hul inkomste deur as gidse vir bergfietsryers oor naweke op te tree. Hulle begelei toeriste op fietsroetes in die omgewing, stel hulle bekend aan die plaaslike gemeenskap en ondersteun plaaslike toerisme-entrepreneurs wat onder andere kroeë, kunstenaars en handwerkers insluit.


## LANGA FIETSRY SENTRUM: DIE WAARDE VAN 'N KAMPIOEN EN ENTREPRENEURSKAP

Die Langa Fietsry Sentrum is gestig deur die sosiale entrepreneur, Mzikhona Mgedle, tydens die Covid-19-pandemie inperking in 2020. Mzikhona, 'n fietsry-entoesias, het aanvanklik daarop gefokus om afleweringsdienste per fiets aan bedlêende mense en bejaardes in die gemeenskap te verskaf. Vandag is die sentrum 'n plaaslike onderneming wat fietsryklasse, fietsherstelwerk, verkope, verhurings en informele nedersettings fietstoere aanbied. Nadat 'n ooreenkoms met die stad van Kaapstad aangegaan is, is 'n permanente perseel by die nuutgeboude fietsrybaan by die Langa Sportskompleks verkry, vanwaar die Langa Fietsry Sentrum nou saam met die plaaslike besighede en taxi-verenigings werk om nuwe geleenthede te skep vir fietsry-aflewerings, asook om die veiligheid van fietsrypendelaars te bevorder.

Die Langa Fietsry Sentrum in die Langa informele nedersetting is 'n uitstekende voorbeeld van hoe 'n fietsry-akademie kan ontwikkel van 'n klein plaaslike besigheid wat fietsverwante dienste in 'n gemeenskap verskaf na 'n breër gemeenskapsgebaseerde projek.

*"**Misdaad is 'n kwessie** in informele nedersettings en taxibestuurders het ons beskermende engele geword om kinders wat fietsry te beskerm en om ons te beskerm wanneer ons aflewerings doen."* **- Mzikhona Mgedle, stigter, Langa Fietsry-Akademie**

**Individue en besighede regoor die wêreld begin om van fietsafleweringsdienste gebruik te maak om te verseker dat hul pakkette veilig en vinnig afgelewer word, veral in besige stedelike gebiede. Hierdie diens staan ook bekend as fietskoeriers, en lewer van regskorrespondensie tot kos af. Soos die geval met fietsryherstelдienste is hierdie 'n sakegeleentheid wat heel natuurlik ontwikkel by verskeie fietsry-akademies in die Wes-Kaap en maak vinnig vordering.**



(Fotokrediet: Langa Bicycle Hub, Kaapstad)

## KWADABEKA FIETSRY-AKADEMIE: BOU SOSIALE KOHESIE EN BREEK HINDERNISSE AF

Die KwaDabeka Fietsry-Akademie is wes van Durban in 'n buitestedelike gebied van die stad geleë. Die KwaDabeka perseel sluit 'n fietsrybaan in en bied 'n netwerk teerpaaie aan wat toeganklik tot fietsryers is. Die fietsrybaan is alombekend vir die "Red Bull Pump Track" wêrelkampioenskap en die GO!Durban 100 Bergfietsren wat al hier aangebied is.

*"**Die KwaDabeka Fietsry-Akademie** het waardevolle **blootstelling** aan ons gemeenskap gegee. Die aanbied van fietsrygeleenthede het die toerisme potensiaal gedemonstreer."* **- Chris Philli, voorsitter, KwaDabeka Gemeenskapstoerisme Vereniging**




(Fotokrediet: GO!Durban KwaDabeka Fietsry-Akademie)

Die afrigtingsspan by KwaDabeka het ook 'n kos-tuinbou projek op die perseel van stapel gestuur, waar kinders blootgestel word aan die basiese vaardighede rondom die kweek van gewasse wat 'n waardevolle leerervaring aan hul bied.

## TIMBUKTU IN THE VALLEY: PLAASLIKE OPLOSSINGS VIR PLAASLIKE UITDAGINGS

Timbuktu in the Valley is in Lorentzville, Gauteng geleë. Hierdie middestad gebied word gekenmerk deur 'n hoë werkloosheidsyfer en misdaad. Anders as by baie ander fietsry-akademies in Suid-Afrika is die kinders in hierdie gemeenskap geen vreemdelinge vir fietsry nie.

Kinders in hierdie gemeenskap weet hoe om fietse te ry, maar is gretig om te leer hoe om hul kennis om hul geïmproviseerde fietse (dikwels selfs aanmekaar gestel) te onderhou. Dit het Victoria Schneider en Lungile Mfumo, stigters van Timbuktu in the Valley, geïnspireer om 'n klein werkswinkel te stig waar kinders op 'n Saterdag-oggend afrigting oor fiets-onderhoud kan kry. Kort voor lank het hierdie Saterdag-oggend fietsherstelsessies gegroei tot 'n formele fietsry-akademie en nie-winsgewende organisasie wat tot 75 kinders akkomodeer. Daarbenewens werk vrywilligers met kinders om akademiese ondersteuning, toegang tot leerhulpbronne en ander waardevolle vaardighede te bied.



(Fotokrediet: Timbuktu in the Valley, Lorentzville)




**Timbuktu in the Valley is verwesenlik deur individue wat 'n droom gedeel het en 'n behoefte binne die gemeenskap aangespreek het. Deur te reageer op plaaslike behoeftes, was Timbuktu in the Valley baie effektief om kinders te werf om by die akademie aan te sluit. Om die behoeftes van die begunstigdes te verstaan en daarop te reageer het gelei tot die effektiewe bevordering van die fietsry-akademie.**

*"**Fietse is kragtige instrumente** om die boodskap van onafhanklikheid oor te dra, jy kan reis, dit is pret, jy kan dinge vervoer ... fietse bied eindelose geleenthede aan kinders."* **- Victoria Schneider, stigter, Timbuktu in the Valley**



(Beeld: Timbuktu in the Valley, Lorentzville)